Hoofstuk 97

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

Die nag van grootsheid, eer, majesteit en waardigheid. Die nag van voorbeskikking waartydens die kosmiese beplanning vir die volgende jaar aan die betrokke engele gedelegeer word om deur die jaar geïmplimenteer te word. (K44:3-5)

1. Ons het begin om die Koran te dikteer gedurende die nag van Majesteit. (K96:1-5)

2. En wat sal jou help om te verstaan wat die nag van Majesteit is?

3. Aanbidding gedurende die nag van Majesteit is baie beter as aanbidding gedurende 'n duisend maande.

4. Gedurende hierdie nag kom die engele en die Gees, dit is die engel Gabriël, af na die aarde in opdrag van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en bring met hulle saam elke opdrag van wat moet gebeur gedurende die komende jaar.

5. Van sononder totdat die son opkom heers daar vrede, kalmte, rustigheid en algehele goedheid.

O Allah! Waarlik, U is die Dikwels-Vergewende, U is lief daarvoor om te vergewe: vergewe ook vir my.

Hoofstuk 98

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

Die toestand van die Jode, die Christene en die Arabiese Heidendom voor die koms van die Finale Boodskapper van Allah

Die hele wêreld was vervalle in onkunde, bygeloof, korrupsie, ongelowiges en heidene

1. Daar is verwag dat diegene onder die mense van die Boek: die Jode en die Christene wat nie hul eie geskrifte geglo het waar dit na die koms van die Profeet Mohammed verwys het, en die Veelgodedienaars, nie hul foutiewe geloofsbeginsels sou laat vaar, tensy hulle duidelike bewys gevind het nie,

2. vandaar 'n boodskapper van Allah wat die foutlose, onvervalste Koran waarin daar geen twyfel, dubbelsinnigheid en afwykings is nie, voorgedra het

3. wat die ewige en blywende wette, verordeninge en opdragte bevat.

4. Die Jode en die Christene wat die Boek gehad het wat duidelike profesieë bevat aangaande die koms van 'n profeet, het eers begin om die feite rondom die koms en die koms van die nuwe profeet te ontken, te verwerp en te misken, nadat die bewyse van sy koms duidelik geraak het,

5. en toe hulle beveel was om Allah te aanbid, en aan Hom alleen onderdanig te wees, en om die Aanbidding en die Armebelasting in te stel. Dit is die manier waarop die Jode en Christene se godsdiens tot dusver gefunksioneer het en dit is die manier waarop Islam funksioneer: gebaseer op die ewige en blywende wette, verordeninge en opdragte.

6. Waarlik diegene van die Jode en die Christene en die Veelgodedienaars wat nie geglo het nie, sal in die vuur van die Hel wees, waar hulle vir ewig sal leef. Hulle is die mense wat die slegste daaraan toe is.

7. Diegene egter, wat geglo het en goeie dade gedoen het, hulle is die beste van alle mense.

8. Hul beloning wat hulle van hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal ontvang, is tuine waaronderdeur riviere vloei en waarin hulle vir ewig sal woon. Allah is tevrede met hulle en hulle is tevrede met Hom as gevolg van die omvattende gunste wat Hy aan hulle betoon. Dit is vir hom wat ontsag het vir sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer.